

## OPENING EN PRESIDENTSREDE

L LUYT, Triomf Kunsmis (Edmis) Beperk

Ek voel besonder geëerd om vanoggend die geleentheid te hé om 'n paar woorde te kan sê tydens ons jaarlikse konferensie. Die tema vanjaar is miskien al verskeie kere, hoewel op ander geleenthede, gebruik. Die rol wat kunsmis gespeel het, en nog steeds speel, is ook al dikwels in die verlede verdraai om 'nbeeld van uitbuiting van ons landbou in die algemeen te weerspieël. Die kritiek wat die misstofnywerheid moes en nog steeds verduur kom daarop neer dat ons wel mag produseer met die een vereiste: Jou wins moet óf baie klein wees óf, nog beter, geen wins word verwag nie.

Wanneer in oënskou geneem word hoe ons landbouproduksie verhoog het onder klimaatstoestande wat redelik konstant gebly het, sal besef word wat die kunsmisnywerheid se bydrae was. Geografies is Suid-Afrika nie ideaal vir gekonsentreerde verspreidingspatrone nie. Ook, weens veranderde klimaatstoestande verskil die aanwending sowel as soort bennesting radikaal. Al hierdie probleme baar sorg en oplossings moet gevind word.

Die verskillende maatskappye in die mark het alreeds baie daartoe bygedra om rasionalisasie van produksie en beemarking te bewerkstellig. Vir die afgelope paar jaar het dit voorspoedig gegaan met die misstofbedryf. Nie alleen is 'n goeie groei gehandhaaf nie maar het die verskillende maatskappye daarin geslaag om hulle werksaamhede te optimiseer.

In teenstelling met ander industrieë betaal die misstofnywerheid egter vir sy pogings om doeltreffendheid te bewerkstellig. Ons metode van prysbepaling in die kunsmisbedryf laat my somtyds wonder of ons nie bloot as landboufilantropie bekend moet staan nie.

Enige doeltreffendheid, teweeggebring deur rasionalisasie, word onmiddellik gekanselleer deur ons mitiese  $13\frac{1}{2}$  persent op die gedepresieerde waarde van die aangewende kapitaal. Wanneer ons dan, na 'n uiters suksesvolle landbou-

jaar — suksesvol vir die nywerheid sowel as die produsent — 'n terugslag ondervind, vind ons dat die nywerheid skielik na sy asem snak om te kan byhou om aan sy kapitaal behoeftes te voorsien. U sal saamstem dat dit bykans onmoontlik geword het om beleggers te lok in 'n nywerheid waar enige vorm van doeltreffendheid nou 'n remskoen geword het. Indien ons nie vinnig besin nie, kan daar nie van maatskappye verwag word om saam te werk vir volkome rasionalisasie nie.

The protection we enjoy viz-a-viz imports into South Africa is required and necessary since cheaper raw materials are also not allowed. With both philosophies I agree. It is imperative that we become and stay independent. The fertilizer industry has a duty to perform. I believe without it this country could not survive. But it must be afforded the opportunity to exist. The continuous corrosion of our capital due to the excessive inflation rate in conjunction with our pricing policy, makes our industry the Cinderella industry. Surely, if we feel that the agricultural sector needs to be subsidised, why not do so from the State coffers? Why not have each and everybody contribute to this cause? Why must the fertilizer industry be made the scapegoat?

Mnr die Voorsitter, ek is bevrees dat indien ons nie vinnig 'n verandering van denkwyse bewerkstellig nie, ons later kan uitvind dat ons dividende uit kapitaal betaal het. Ons het 'n plig teenoor die land. Ons wil nie van daardie plig onthef word nie. Maar ons wil ook nie gestraf of gekortwiek word by die uitvoering van ons pligte nie. Al wat ons vra is die geleentheid om 'n gesonde besigheid te dryf. Is dit dan soveel gevra in die kapitalistiese opset? Het Suid-Afrika se denkwyseso verander dat orn 'n wins te maak as 'n sonde beskou word? Nee ons kan nie westerse ideologieë aanhang terwyl sosialisme diep in ons onderbewussyn luimer nie.